KORPORATIEWE NUUSBRIEF

SEESA
Labour Law, BEE & Skills for business

FEBRUARIE 2011

Geagte SEESA Kliënt

In hierdie nuusbrief sal die volgende onderwerpe bespreek word:

	PAGE
BSEB: Geakkrediteerde Verifiëringsagentskappe Onder Die Soeklig	1
Minimum Lone vir Werknemers in die Groot- en Kleinhandelsektor	2
Verbruikers Se Reg Om Te Kies	3

BSEB - Geakkrediteerde Verifiëringsagentskappe Onder Die Soeklig

Die jaar 2010 het gekom en gegaan en ons wag almal angstig om te sien wat die nuwe jaar inhou vir besighede in Suid-Afrika ten opsigte van Breë-Basis Swart Ekonomiese Bemagtiging (B-BBEE).

Wat B-BBEE betref het die nuwe jaar afgeskop met 'n voorgestelde wysiging aan die Kodes vir Goeie Praktyk wat in die Goewermentskennisgewing van 2010, op 31 Desember 2010 gepubliseer is.

Die belangrikste voorgestelde wysiging in die Kennisgewing is die insluiting as verifiëringsagente, enige geregistreede ouditeur goedgekeur deur die Independent Regularity Board of Auditors (IRBA) ingevolge die goedkeuring deur die Departement van Handel en Nywerheid (DTI). Indien hierdie voorgestelde wysiging in werking sou tree, sal Geregistreerde Ouditeurs ook verifiërings kan onderneem, onderhewig aan sekere kwalifiseringskriteria.

Die implikasie hiervan is dat 'n gemete entiteit ("measured entity") (die besigheid wat geverifieer word) met die hulp van 'n BEE-adviseur, 'n verifiëring kan laat doen deur 'n ouditeursfirma, in plaas daarvan om gebruik te maak van die dienste van 'n geakkrediteerde verifiëringsagentskap. Dit moet in detail met jou SEESA BEE-adviseur bespreek word ten einde 'n ingeligte besluit te maak.

Dit is egter belangrik om daarop te let dat geakkrediteerde verifiëringsagentskappe aan baie streng beleide en prosedures moet voldoen en ook aan noukeurige ondersoeke onderhewig sal wees wanneer hulle die status van 'n geakkrediteerde verifiëringsagentskap verlang. Op hierdie stadium lyk dit asof oudit-firmas nie onderhewig sal wees aan die streng ondersoeke wat geakkrediteerde verifiëringsagentskappe moet ondergaan nie. SEESA BEE is egter van mening dat oudit-firmas onderhewig moet wees aan dieselfde beleide en prosedures as ander geakkrediteerde verifiëringsagentskappe.

'n Ander interessante voorgestelde wysiging is dat daar meer as een akkrediteringsliggaam (tans slegs SANAS) behoort te wees wat verantwoordelik is vir die akkreditering van verifiëringsagentskappe. Daar geld streng vereistes vir 'n organisasie wat aansoek doen om as 'n akkrediteringsliggaam oorweeg te word. Sodanige vereistes word uiteengesit in die bogenoemde Goewermentskennisgewing. Hierdie is 'n welkome voorstel aangesien dit die proses om akkreditasie te verkry kan bespoedig.

Hierdie voorgestelde wysigings is 'n poging om die aantal geakkrediteerde verfiëringsagentskappe te verhoog. Meer sodanige liggame sal verseker dat die verifiëringsproses ter plaatse en die uitreiking van sertifikate vinniger geskied.

Watter wysigings ookal gemaak word, sorg dat jy met jou SEESA BEE-adviseur, wat jou met elke stap behulpsaam sal wees, kommunikeer.

Minumum Lone vir Werknemers in die Groot- en Kleinhandelsektor

Herewith the prescribed wages for Sectoral Determination 9: Wholesale and Retail.

Minimum Wages For Employees In The Wholesale And Retail Sector

Table 1: Area A

Metropolitan and Local Municipality

Bergrivier , Breederivier, Buffalo City, Cape Agulhas, Cederberg, City of Cape Town, City of Johannesburg Metropolitan Municipality, City of Tshwane, Drakenstein, Ekurhuleni, Emalahleni, Emfuleni, Ethekwini Metropolitan Unicity, Gamagara, George, Hibiscus Coast, Karoo Hoogland, Kgatelopele, Khara Hais, Knysna, Kungwini, Kouga, Langeberg, Lesedi, Makana, Mangaung, Matzikama, Metsimaholo, Middelburg, Midvaal, Mngeni, Mogale, Mosselbaai, Msunduzi, Mtubatuba, Nama Khoi, Nelson Mandela, Nokeng tsa Taemane, Oudtshoorn, Overstrand, Plettenbergbaai, Potchefstroom, Randfontein, Richtersveld, Saldanha Bay, Sol Plaatjie, Stellenbosch, Swartland, Swellendam, Theewaterskloof, Umdoni, uMhlathuze and Witzenberg.

CATEGORY		01/02/2010 to 31/01/2011				01/02/2011 to 31/01/2012				01/02/2011 to 31/01/2012			
		R.p.h	R.p.w	R.p.m	27 Hours R.p.h	R.p.h	R.p.w	R.p.m	27 Hours R.p.h	R.p.h	R.p.w	R.p.m	27 Hours R.p.h
Assistant Manager		20.30	1,048.50	4,543.15	24.28	24.14	1086.25	4706.70	25.15				
Cashier		13.58	611.10	2,647.90	14.17	14.07	633.10	2743.22	14.68				
Clerk		1610	724.50	3,13929	16.79	16.68	750.58	3252.27	17.39				
Displayer		16.72	752.40	3,260.15	17.44	17.32	779.49	3377.51	18.07				
Driver	Gross Vehicle mass: < 3 500 kg	12.27	552.15	2,39247	12.79	12.71	572.03	2478.60	13.25				
	Gross Vehicle mass: 3 501 - <9 000kg	14.84	667.80	2,893.58	15.49	15.37	691.84	2997.75	16.05				
	Gross Vehicle mass: 9 0001 - <16 000kg	16.20	729.00	3,158.76	16.89	16.78	755.24	3272.47	17.50				
	Gross Vehicle mass: 16 001kg	17.90	801.00	3,470.73	18.56	18.44	829.84	3595.68	19.23				
Forklift operator		11.68	525.60	2,277.42	12.18	12.10	544.52	2359.41	12.62				
General Assistant		10.69	481.05	2,084.39	11.14	11.07	498.37	2159.43	11.54				
Manager		25.54	1,149.30	4,979.92	26.62	26.44	1190.67	5159.20	27.58				
Merchandiser		12.75	573.75	2,486.06	13.28	13.21	594.41	2575.56	13.76				
Security Guard		10.88	489.60	2121.44	11.45	11.27	507.23	2197.81	11.86				
Sales Assistant		16.10	724.50	3,139.26	16.79	16.68	750.58	3252.27	17.39				
Sales Person		1610	724.50	3,139.26	16.79	16.68	750.58	3252.27	17.39				
Shop Assistant		12.75	573.75	2,486.06	13.28	13.21	594.41	2575.56	13.76				
Supervisor		19.81	891.45	3,862.65	20.65	20.52	923.54	4001.71	21.39				
Trainee Manager		21.39	962.55	4.170.73	22.29	22.16	997.20	4320.88	23.09				

Minimum Wages For Employees In The Wholesale And Retail Sector												
Table 2: Area B												
CATEGORY	01/02/2010 to 31/01/2011				01/02/2011 to 31/01/2012				01/02/2011 to 31/01/2012			
	R.p.h	R.p.w	R.p.m	27 Hours R.p.h	R.p.h	R.p.w	R.p.m	27 Hours R.p.h	R.p.h	R.p.w	R.p.m	27 Hours R.p.h
Assistant Manager	19.17	862.65	3,737.86	19.99	19.86	893.71	3872.43	20.71				
Cashier	1115	501.75	2,174.08	11.63	11.55	519.81	2252.35	12.05				
Clerk	13.33	59985	2,59915	13.91	13.81	621.45	2692.72	14.41				
Displayer	12.86	578.70	2,507.51	13.40	13.32	599.53	2597.78	13.88				
Driver – Gross Vehicle mass: < 3 500 kg	9.93	446.85	1,936.20	10.35	10.29	462.94	2005.90	10.72				
Driver – Gross Vehicle mass: 3 501 - <9 000kg	12.01	54045	2,341.77	12.52	12.44	559.91	2426.07	12.97				
Driver – Gross Vehicle mass: 9 0001 - <16 000kg	14.52	653.40	2,831.18	15.14	15.04	676.92	2933.10	15.69				
Driver – Gross Vehicle mass: 16 001kg	15.99	719.55	3,11781	16.66	16.57	745.45	3230.05	17.26				
Forklift operator	9.37	42165	1,82701	9.78	9.71	436.83	1892.78	10.13				
General Assistant	9.33	419.85	1,819.21	9.71	9.67	434.96	1884.70	10.06				
Manager	20.79	935.55	4,053.74	21.69	21.54	969.23	4199.67	22.47				
Merchandiser	10.48	471.60	2,043.44	10.92	10.86	488.58	2117.00	11.31				
Security Guard	10.53	473.85	2.053.19	10.98	10.91	490.91	2127.11	11.38				
Sales Assistant	13.33	59985	2,59915	13.91	13.81	621.44	2692.72	14.41				
Sales Person	13.33	59985	2,59915	13.91	13.81	621.44	2692.72	14.41				
Shop Assistant	10.48	471.60	2,043.44	10.92	10.86	488.58	2117.00	11.31				
Supervisor	1628	732.60	3,174.36	16.96	16.87	758.97	3288.64	17.57				
Trainee Manager	17.40	783.00	3,392.74	18.14	18.03	811.19	3514.88	18.79				

Verbruikers Se Reg Om Te Kies

Verbruikers se reg om te kies

1. **Verbruikers se reg om vaste-termyn ooreenkomste te kanselleer of te hernu**

   Die gewone verbruiker mag sy/haar reg uitoefen om 'n vaste-termyn ooreenkoms óf te hernu óf te beëindig met betrekking tot die volgende:

   - Indien 'n vaste-termyn ooreenkoms verval, het verbruikers die reg om die ooreenkoms te kanselleer sonder dat 'n boete of fooi betaalbaar is;
   - Verbruikers is verplig om verskaffers skriftelik of op 'n ander sigbare wyse, twintig (20) werksdae kennis te gee van enige kansellasie van vaste-termyn ooreenkomste; en
   - Indien die verskaffer versuim om sodanige ooreenkoms te kanselleer, mag die verskaffer 'n vaste-termyn ooreenkoms slegs op 'n maand-tot-maand basis verleng.

2. **Verbruikers se reg om vooraf-magtiging te vra vir herstelwerk of onderhoud-dienste**

   - Verbruikers het die reg om enige herstelwerk of onderhoudsdienste vooraf te magtig of te weier;
   - Voordat die verskaffer enige herstelwerk of onderhoudsdienste verrig, het die verbruiker te reg om aan te dring op skriftelike kosteramings/kwotasies;
   - Verskaffers mag nie geld vra vir die voorbereiding van kosteramings/kwotasies nie behalwe waar die koste vir die voorbereiding van sodanige ramings/kwotasies goedgekeur is deur die verbruiker voordat enige werk gedoen is;
   - Indien verskaffers enige herstelwerk of onderhoudsdienste verrig sonder om vooraf die nodige goedkeuring te kry, mag die verbruiker nie aanspreeklik gehou word vir betaling vir sodanige herstelwerk of onderhoudsdienste nie; en
   - Verskaffers mag nie die koste van enige diagnostiese werk/

inspeksies wat benodig word ten einde kosteramings/kwotasies voor te berei van die verbruiker verhaal nie behalwe waar die koste vir enige diagnostiese werk/inspeksies aan die verbruiker gekommunikeer was voordat enige werk gedoen is.

3. **Verbuikers se reg om kontrakte te kanselleer gedurende die afkoel-tydperk**

   - Verskaffers is verplig om 'n afkoel-tydperk in te sluit by enige transaksie wat die gevolg was van regstreekse bemarking. Afkoel-tydperke strek gewoonlik oor vyf (5) dae vanaf die datum waarop die goedere of diens gelewer is;
   - Gedurende die afkoel-tydperk het die verbruiker die reg om ooreenkomste te kanselleer sonder om redes te verskaf of om boetes te betaal; en
   - Indien die verskaffer gedurende die afkoel-tydperk kennis ontvang van 'n kansellasie, moet hulle enige betaling wat van die verbruiker ontvang is binne vyftien (15) werksdae terugbetaal.

4. **Verbruikers se reg om vooruit-besprekings, -reserverings of -bestellings te kanselleer**

   - Verbruikers het die reg om enige vooruit-bespreking of -bestelling te kanselleer;
   - Verskaffers is daarop geregtig om 'n redelike deposito te vra vir besprekings, reserverings of bestellings, afhangend van die omstandighede en aard van die besigheid;
   - Verskaffers is daarop geregtig om 'n redelike bedrag te vereis vir kansellasie van besprekings, reserverings of bestellings, afhangend van die omstandighede en aard van die besigheid.

5. **Verbruikers het die reg om goedere te kies of te besigtig, selfs ná aankoop en aflewering**

   - Verskaffers het die reg om aan te dring op betaling van verbruikers vir enige verlies van of skade aan eiendom /goedere indien sodanige verlies/skade die gevolg was van growwe nalatigheid, roekeloosheid of opsetlike aksies;
   - Verbruikers het die reg om uitgestalde items of oopgemaakte goedere te weier en om aan te dring op onoopgemaakte/nuwe goedere;
   - Verbruikers mag weier om goedere te aanvaar indien dit nie ooreenstem met die vooraf-goedgekeurde monsters/voorbeelde nie; en
   - Verbruikers het die reg om 'n redelike geleentheid gegun te word deur verskaffers om goedere wat aangekoop of afgelewer is te besigtig.

6. **Verbruikers het die reg om hul verskaffer te kies**

   - Verbruikers het die reg om te soek vir die beste pryse, goedere en dienste wat in die mark beskikbaar is;
   - Verskaffers mag nie vereis dat verbruikers addisionele ooreenkomste aangaan met verskaffers by wie hulle goedere of dienste verkry het nie; en
   - Verskaffers mag nie 'n verbruiker verplig om met derde partye ooreenkomste aan te gaan nie, tensy die verskaffers die gerieflikheidswaarde van sodanige addisionele goedere of dienste kan bewys.

Verskaffers moet verseker dat hulle enige klagtes wat van verbruikers/kliënte ontvang word aanteken in hul klagte-register.